Braai kompetisie 2026: Struktuur en reëls

1. Algemene Inligting & Reëls

- **Datum**: Sondag 6 September 2026
- **Tyd**: Spanne moet vanaf 9:00 teenwoordig wees.
- **Braai-tydsduur**: 2 ure.
- **Span-samestelling**: Elke span bestaan uit een ouer en een kind onder 12 jaar.
- **Spannaam**: Elke span moet ’n unieke naam hê.
- **Let wel**: Beperkte plekke is beskikbaar! Goeie pryse is op die spel.

2. Inskrywings & Betalings

- **Inskrywingsfooi**: R150.00 per span.
- **Sluitingsdatum**: Voor of op 25 Augustus 2026.
- **Inskrywingsmetode**: Stuur na mail.yonder@gmail.com.
- **Betalingsmetodes** (Betaling moet ook teen 25 Augustus geskied):
  - **EFT**: Gebruik die verwysing Braai_[Span se naam].
    - **Yonder Hartsfees NPC, ABSA**, Takkode: 632 005, Rek: 410 061 9294
  - **Kontant** of **Kaart**: Kan direk by die Yonder-kantoor betaal word.
- **Navrae**: Kontak 053 841 0537.

3. Wat Voorsien Word

- Die inskrywingsfooi sluit die volgende in:
  - Die gebruik van 1 braaier, 1 blits en 20 charcoal-stukke.
  - 1 Braaipak (vleis) en deeg vir ’n roosterkoek.
  - Speserye.
    - ⚠ **Belangrik**: Geen eie speserye mag gebring of gebruik word nie – slegs dit wat deur die organiseerders voorsien word.

4. Wat Spanne Moet Saambring

- Braaitang
- Kampstoele en ’n tafel (onthou, spasie is beperk)
- Kleredrag wat pas by julle gekose braai-tema
- Verversings vir eie gebruik (Geen alkohol toegelaat nie)
- Enigiets ekstra om die beoordelaars te beïndruk!

5. Beoordelingskategorieë

- Spanne gaan in die volgende kategorieë beoordeel word:
- Beste voorbereide braaiporsie
- Beste voorbereide braai-opset
- Bes geklede span
- Beste spangees
- Beste opdiening van disse aan die beoordelaars
- Algehele wenner (vir die wisseltrofee)